

Liewe Maats

Kan julle glo dis al weer amper tyd vir ons om te groet vir die September-vakansie? Hierdie kwartaal was ons so besig dat dit sommer "woerts" omgevlieg het!

Baie dankie vir julle briefies wat na Sergeyi gepos is - en al die geld wat ons met die geldbome ingesamel het. Daar is meer as R1200 ingesamel en onthou dit borg weer vir Sergeyi vir die hele jaar! Hulle winter begin een van die dae en julle weet mos dat dit so vreeslik sneeu en baie koud is daar, so julle geldjies kan vir Sergeyi darem lekker warm winterklere ook koop.

O ja, en ons het mos darem hierdie kwartaal ook vir **Bibles4Believers** geld ingesamel en nog lekker Krieketkarnaval gehou ook!

Hier's so bietjie nuus daaroor - blaai gerus om en lees wat ons alles gedoen het en wys sommer vir Oupa en Ouma en Mamma en Pappa ook.

Die program vir volgende kwartaal is sommer op die laaste bladsy - gee vir Mamma en Pappa, hoor.

Baie liefde

Tannie Lita



Krieketkarnaval 2009

@ HTS John Vorster

Ons Japsnoete KAN karnaval hou!

Baie baie dankie aan elkeen van julle wat ons tafel ondersteun het - en natuurlik aan al die tannies en ooms wat so hard gewerk het om dit vir ons almal 'n sukses te maak!

Ek is seker julle het dit net so baie soos ons geniet - veral die klomp eetgoed en die groot springkasteel! Volgende jaar maak ons weer so - julle kan nou al elke maand 'n geldjie eenkant in 'n houertjie agter in julle kas sit om te spaar vir die volgende karnaval.

Die totale bedrag wat ons kinders vir die gemeente ingesamel het, is meer as R2000 en dan moet die inkleur-kompetisie en Bybelvasvra se geld nog inbetaal word - 'n Baie groot dankie aan elkeen van julle wat bygedra het.

En natuurlik ook aan die Mmmas en Pappas wat moes help betaal!

Ons nuwe Oupa en Ouma

Alle kinders moet mos 'n Oupa en Ouma hê, en daarom het ons nou op 13 September vir Dominee Ernst en Tannie Susan as ons eie Oupa en Ouma aangeneem.

Nou mag hulle enige tyd vir ons kom kuier en vir hulle 'n klomp drukkies kom haal!




Werkswinkel

Ons werkswinkel hierdie kwartaal is weer opgedeel in twee groepe. Van graad 5 en ouer woon die kinders ons Tienerpraatjie by en almal jonger bou iets rondom die Lente.

Ons maak plakkate vir ons mure en vier die wonderlike lentetyd wat God ons elke jaar gee - 'n tyd vir nuwe lewe en weggooi van alle "ou en lelike" goete!

Dis mos maklik die lekkerste tyd van die jaar!



Bibles4Believers

Hierdie organisasie help om aan mense in verskillende lande regoor die wêreld, maar veral in Afrika, Bybels in hul eie taal te versprei.

Baie van die grootmense kan nie eens lees nie, so die kinders wat al bietjie in die skool leer lees het, moet vir hulle Mammass en Pappas dan uit die Bybel lees.

Een Bybel word teen ongeveer R100 aangekoop en dan in kartondose van 25 Bybels versprei. As julle nou mooi somme maak, sien julle dat dit dus R2500 kos om een kartondoos vol Bybels te versprei.

Op 30 Augustus was dit Bybelsondag en het julle gehelp om geld in te samel vir die mense wat so graag van God wil leer, maar sonder Bybels is.


Alle geldjies in daardie bussies kan sowaar meer as 25 Bybels koop!

Daar is baie mense wat reeds in Jesus glo, maar wat nog nooit 'n Bybel besit het nie. Hulle luister na die dominee en leer dan groot stukke van die Bybel uit hulle koppe om vir hulle mense by die huis van God te vertel.

Ons is so bevoorreg om self ons eie Bybels te besit, en daarom kan ons dankie sê deur by te dra vir die aankoop van Bybels vir hierdie mense.

Kyk hoe bly is hierdie man op die foto hieronder oor sy Bybel! Nou kan hy self lees hoe lief God hom ook het!

Baie dankie aan elkeen van julle wat ietsie bygedra het in die bussies wat ons voor in die Kerk gaan neersit het!



Kyk 'n bietjie na God se eienskappe in hierdie ouer weergawe van Psalm 23:

16 eienskappe van God in Psalm 23:

1. **Die Here is my herder: GOD WIL 'N VERHOUDING MET JOU BOU.**
2. **Niks sal my ontbreek nie: GOD VOORSIEN IN ELKE SITUASIE.**
3. **Hy laat my neerlê in groen weivelde: GOD BRING RUS MIDDE-IN GERAAS.**
4. **Na waters waar rus is lei Hy my heen: GOD VERKWIK JOU SIEL.**
5. **Hy gee my nuwe krag: GOD IS DIE GENESER.**
6. **Hy lei my op die spore van geregtigheid: GOD GEE LEIDING.**
7. **Om Sy Naam ontwil: GOD IS HEILIG.**
8. **Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, sal ek geen onheil vrees nie: GOD IS MY BESKERMING.**
9. **Want U is met my: GOD IS GETROU.**
10. **U stok en U staf dié vertroos my: GOD BRING VERTROOSTING IN MOEILIKE TYE.**
11. **U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teenstanders: GOD GEE HOOP.**
12. **U maak my hoof vet met olie: GOD STEL BELANG IN JOU HEILIGMAKINGSPROSES.**
13. **My beker loop oor: GOD OORTREF JOU VERWAGTINGE.**
14. **Net goedheid en guns sal my volg al die dae van die lewe: GOD WIL JOU SEËN.**
15. **En ek sal in die huis van die Here bly: GOD GEE SEKURITEIT.**
16. **Tot in lengte van dae: SAAM MET GOD IS DAAR 'N BELOFTE VAN 'N EWIGE LEWE NA DIE DOOD**
(Benescke Botha)

Ek weet hierdie Psalm 23 is nie die een wat julle geleer het nie, maar 'n ouer een. Vergelyk dit gerus met die een in julle Bybels.

Hierdie weergawe was jare gelede in my Bybel toe ek nog so groot soos julle was. Dit is nou in julle Bybel net in 'n makliker Afrikaans geskryf wat julle almal kan verstaan, maar dit het nog steeds dieselfde betekenis.

Wat dit nog altyd vir ons sê, is dat God altyd by ons is en vir ons sorg al lyk dit vir ons of dinge sleg gaan.

God is altyd dieselfde en daar is vir ons die belofte dat Hy vir ons sorg - selfs tot in die ewige lewe na die dood. Is God nie ongelooflik wonderlik nie?

Onthou altyd:

Jesus is verskriklik lief vir elkeen van ons en eendag gaan ons saam met Hom in die Hemel by God, ons Hemelse Pappa vir altyd en altyd bly!



Hier is weer ons webblad-adres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/jeug>

Program vir Vierde Kwartaal, 2009

11 Oktober	Begin 08:50 in Saal
18 Oktober	Begin 08:50 in Saal
25 Oktober	Begin 08:50 in Saal. Ons kry weer kuiergaste, maar dit is 'n verrassing!
1 November	Begin 08:50 in Saal
7 November	Werkswinkel
8 November	Gesamentlike Kinderdiens in Kerk saam met julle ouers en ons
15 November	Afsluiting, Sertifikaatuitdeling
22 November	Kerssangdiens - Ons tree in die Kerk op en almal vergader 08:40 op die gras voor die Kerk aan die oostekant. Vra vir Mamma om tinsel in julle hare te sit!

Geniet die vakansie en kom veilig terug!

Geniet die vakansie en kom veilig terug!